

31 Augustus

Skrifgedeelte: Genesis 28

Fokusgedeelte: Genesis 28:15

Waar jy is, is God by jou

Ons het Jakob leer ken as die een wat eerder by die huis wou bly (25:19), maar nadat hy sy pa en broer verkul het, word hy 'n voortvlugtende. In sy nood raak hy die aand langs die pad aan die slaap. Juis dáár, ten spyte van sy sondige gedrag, verskyn die Here aan hom. Ja, God verlaat hom nie, maar verseker hom van sy nabyheid en beskerming.

Deur die eeue heen het dieselfde getroue Verbondsgod telkens aan sy volk sy nabyheid belowe en bewys – in so 'n mate dat hierdie woorde van die Here vandag nog steeds vir ons, sy gelowige kinders, geldig is. Ook ons weet dat *waar ons ook al is*, ons in Christus, deur die Heilige Gees, direkte toegang tot die Vader het.

Selfs al is ons in 'n situasie en op 'n plek waar ons nie wil wees nie, byvoorbeeld siek in 'n hospitaal, of besig om slapeloos op 'n vreemde bed rond te rol, of vol skuldgevoelens op 'n plek waarheen jy as gevolg van 'n verkeerde optrede weggevlug het, hoor ons nóg dié pragtige vertroostende woorde van ons liefdevolle Vader. Ja, Hy los ons nie in ons ellende nie.

Soos Jakob wil ons eerder tuis wees, en nie vlugteling in hierdie vyandige en sondige wêreld nie; TOG is God by ons om ons te beskerm en te bewaar. Onthou: by elke stilhouplek langs die pad en by elke kronkel in die pad sal Hy by jou wees.

Hou moed, moenie moeg raak van die lang reis nie. Ons sal binnekort by ons eindbestemming wees – by Hom in die hemel.

Sing: Skrifberyming 50:1,7 Ds PG Geertsema (Pretoria-Oos)